

US Kortkursus in Eweknie-leerfasilitering. Is jy 'n toegewyde student en wil jy graag jou ondervinding deel? Eweknie-leerfasilitering is dalk waarna jy soek!

Die kortkursus in Eweknie-leerfasilitering is 'n US-geakkrediteerde kokurrikulêre opleidingskursus en dit sal as ervaringsleer op jou akademiese rekord erken word.

Die Sentrum vir Onderrig en Leer nooi ALLE tutors (*demi's, module-, leer-, onderrig- en assesseringsassistenten*) om GRATIS gebruik te maak van die opleidingsgeleentheid in eweknie-leerfasilitering. Jy kan die opleidingskortkursus teen jou eie tempo afhandel en het tot en met 13 weke, of soos deur jou departement/fakulteit voorgeskryf, om dit af te handel (*afhange van wanneer jy ingeskryf het*).

Hoe baat dit jou?

1. Jy sal as 'n geakkrediteerde eweknie-fasiliteerder deur die US erken word.
2. Dit sal jou vaardigheid met die stel van grense verbeter en jou meer aanpasbaar en geeskragtig in eweknie-fasiliteringsessies maak.
3. Jy sal die ontwikkeling van studente aanhelp en praktiese vaardighede toepas wat studente se selfwerkzaamheid bevorder.
4. Jy sal gehelp word om te ontwikkel as 'n eweknie-fasiliteerder wat 'n betrokke leier is (*weetgierig, belangstellend en geesdriftig oor leer*).
5. Die gewenste eienskappe van gegradueerdes (*professionalisme, inter-/intrapersoonlike vaardighede en sosiale intelligensie*) word ontwikkel.

Hoe doen jy aansoek?

1. Doen eers aansoek om 'n eweknie-fasiliteerdersgeleentheid (tutorskap) in jou departement of fakulteit, wanneer dit geadverteer word (verskaf QR-kode met beskikbare geleenthede per fakulteit/departement).
2. Sodra jy deur jou departement of fakulteit vir bogenoemde gekeur is, kan jy vir die opleidingskortkursus in Eweknie-leerfasilitering inskryf (verskaf QR-kode vir inskrywing).

Waaruit bestaan die kursus?

1. Sessie 1: Wat word as 'n eweknie-fasiliteerder van jou verlang?
2. Sessie 2: Wie kan jy vir steun nader?
3. Sessie 3: Tegnieke en administratiewe vaardighede
4. Sessie 4: Die fasilitering van leer en betrokkenheid
5. Sessie 5: Tyds- en stresbestuur

Wat word van jou verwag?

1. Bestee minstens 1,5 uur per week aan die afhandeling van kursuswerkzaamhede.
2. Kontroleer die aankondigings op die SUNLearn-module daaglik vir nuwe inligting.
3. Gaan jou e-pos daaglik na vir moontlike administratiewe take.
4. Kommunikeer met die kursuskoördineerder wanneer jy probleme ondervind.
5. Word deel van die 'eweknie-fasiliteringsgesin' en deel jou ervarings met ander eweknie-fasiliteerders deur aan aanlyn besprekings deel te neem en terugvoer aan ander te lewer.
6. Geniet die opleiding en jou fasiliteringsondervinding!

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 27 Augustus 2021

Vir verdere inligting en navrae oor aansoeke, kontak Sim Ntwasa by sim@sun.ac.za of die tutorkoördineerder in jou departement/fakulteit